

opgesomde geouditeerde finansiële resultate



vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018

+18% tot 3 858 sent
Wesensverdienste per aandeel

+18% tot R4.461 miljard
Wesensverdienste

+18% tot 1 470 sent
Totale dividend per aandeel

27%

Opbrengs op ekwiteit

9.9m

Aktiewe kliënte

264

Nuwe werksgeleenthede geskep gedurende hierdie tydperk

Standvastige grondbeginsels

Ons help kliënte om hulle finansiële lewens beter te bestuur, sodat hulle beter kan lewe. Ons enkele finansiële oplossing, Global One, kan op enige wyse gebruik word, enige tyd en op enige plek. Ons verwagting is om teen die einde van hierdie maand 'n totale aktiewe kliëntebasis van 10 miljoen te behaal. Ons kliënte se vertroue in ons finansiële oplossing lewer werklike waarde deur persoonlike diens, en ondersteun volgehoue groei. Die eenvoud van ons oplossing verseker dat kliënte presies weet waarvoor hulle betaal, en dit stel hulle ten volle in beheer van hulle geld.

Die resultate vir hierdie jaar is 'n weerspieëling van die voortdurende fokus op ons grondbeginsels.

Verdienste styg met 18%

Wesensverdienste het toegeneem met 18% van R3.8 miljard na R4.5 miljard, en het 'n opbrengs van 27% op aandeelhouerewekwiteit gelewer vir die 2018 finansiële jaar.

Ons diversifikasie strategie word bewys deur die toename in verdienste gegenerer vanuit elke inkomstestroom.

Netto transaksionele inkomstegroei van 31%

Netto transaksiefooi-inkomste (nie-uitleen) het gegroei van R3.9 miljard na R5.1 miljard in 2018. Die netto transaksiefooi-inkomste tot bedryfsuitgawes het toegeneem van 72% na 81% in ooreenstemming met ons doelwitte om teen 2022 alle bedryfskoste te dek met netto transaksiefooi.

Netto transaksiefooi-inkomste maak nou 41% uit van die totale netto inkomste. Dit is 'n resultaat van ons fokus op selfhelpbankdienste, wat 'n beduidende verhoging in transaksievolumes tot gevolg gehad het. Hierdie belegging en innovasie bied kostevoordele en verdere effektiwiteit aan ons kliënte en skep kapasiteit vir ons konsultante om beter om te sien na die behoeftes van ons kliënte in ons takke. Die jongste Suid-Afrikaanse Verbruikerstevredenheidsindeks (SACSI) vir Bankdienste, gedoen deur Consulta, het bevind dat Capitec vir die 5de jaar in 'n ry weer aangewys is as die bank met die meeste tevrede kliënte.

Die toename in kwaliteit bankkliënte ('n kliënt word 'n kwaliteit bankkliënt as daar 'n stabiele invloed in hul rekening is en wanneer 'n produk oor 'n tydperk van 3 maande agtereenvolgend stabiel gebruik word) met 18%, asook die voortdurende fokus op, en verbetering van ons selfhelpbanktransaksies, het die totale transaksievolumes met 27% verhoog. Selfhelpbanktransaksies sluit die banktoepassing, internetbankdienste, "unstructured supplementary service data" (USSD – word meestal gebruik deur kliënte wat nie 'n slimfoon het nie), binne-tak selfhelpterminale en noothersirkuleerders in.

74% van alle maandelike transaksies is uitgevoer deur kliënte via selfhelpbankkanale in 2018, vergeleke met 62% in 2017. Transaksievolumes vir binne-tak selfhelpterminale het met 491% toegeneem en noothersirkuleerders met 124% in die huidige jaar.

Meer as 3 miljoen kliënte het ons banktoepassing geaktiveer. Gedurende Februarie 2018 is meer as 20 miljoen transaksies via die toepassing gedoen. Wanneer ons kliënte van ons toepassing gebruik maak, dek ons die koste van die data. Die gewildheid van ons banktoepassing word bewys deur die feit dat dit nie net die banktoepassing is wat die meeste afgelaai is in Suid-Afrika nie, maar ook dat dit in die Google Play Store in Suid-Afrika die 9de mees afgelaai toepassing is. Hierdie statistiek is volgens die SA Social Media Landscape-verslag 2018 van die handelsmerkorganisasie, Ornico, en navorsingskonsultant, World Wide Worx.

Gemiddelde kleinhandeldepositogroei van R800 miljoen per maand
Totale vastetermyn-kleinhandelspaarrekening het met 28% gegroei na R23 miljard en totale lopende kleinhandelspaarrekening het gegroei met 16% na R35 miljard vir die huidige jaar. Enige positiewe saldo op ons debiet- of kredietkaarte verdien rente van ten minste 5.1% per jaar. Ons kliënte het meer as R3.4 miljard rente verdien vir die 2018 finansiële jaar.

Groothandelbepansing het verminder van R7.5 miljard na R6.2 miljard. Groothandelbepansing is opsettlik verlaag as gevolg van die sterk groei in vaste deposito's en verdienste vergesel met die matige groei van die leningsboek. Ons sal nietemin altyd 'n teenwoordigheid in die skuldkapitaalmarkte behou.

Persoonlike krediet

Onversekerde lenings speel 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse kredietmark. Die meerderheid van Suid-Afrikaners se woonplekke is byvoorbeeld op gemeenskaplike grond en in woonbuurte sonder titelaktes. Die gevolg is dat die meerderheid van die bevolking slegs in staat is om te bou of huisverbeterings aan te bring deur toegang te kry tot onversekerde lenings. Meer as 75% van Suid-Afrikaners het nie toegang tot tradisionele versekerde lenings om bates soos voertuie ouer as 5 jaar en goedere te finansier nie.

Ons kredietverleningskriteria ontwikkel konsekwent met ons kliënte se behoeftes en gedrag, sowel as ons risiko-aptlyt. Ons leningsinkomste vir die huidige jaar het in ooreenstemming met ons leningsboekegroei toegeneem met 6% en 'n algehele beter leningsboek is gelewer as gevolg van ons konserwatiewe kredietverleningsbeleid.

Die 2018 finansiële jaar verteenwoordig die eerste volledige 12 maande prestasie van ons kredietkaart. Tot en met 28 Februarie 2018 is 289 000 aktiewe kredietkaarte met 'n totale boekwaarde van R2 miljard uitgereik. Dit verteenwoordig 4.2% van die totale leningsboek. Die maandelike fooi op ons kredietkaart is R35. Die prestasie is in lyn met ons verwagtinge.

Agterstallige lenings as 'n persentasie van bruto lenings en voorskotte het verminder van 6.3% na 5.7%. Dit sluit alle lenings in wat nie op-datum is met die ooreengekomde betalings nie. Agterstallige en op-datum lenings, herskeduleer vanaf agterstallig

(nie gerehabiliteer – het nog nie 6 agtereenvolgende betalings, soos ooreengekom, gemaak nie), as 'n persentasie van bruto lenings en voorskotte, het verminder van 9.8% na 8.3%. Dit is 'n direkte gevolg van die strenger kredietleningsstrategie en herskeduleringsbeleid sowel as die toename van kliënte in skuldheriensing. In terme van ons slegte- en twyfelagtige skuldmetodiek word die uitstaande leningsbedrag wesenlik afgeskryf, sodra 'n kliënt in skuldheriensing gaan, ongeag van die status van die lening.

Ons voorsiening vir twyfelagtige skuld as 'n persentasie van bruto lenings en voorskotte het verminder van 13.1% na 12.2%, en die voorsieningsdekking op agterstallige lenings, het vermeerder van 208% na 216%. Die laer voorsieningspersentasie en hoër dekkingsverhouding is 'n direkte gevolg van die leningsboek wat beter presteer.

Die verhoging in slegteskuldafskrywings in die huidige jaar is hoofsaaklik as gevolg van die verhoging in die hoeveelheid kliënte in skuldheriensing. Die verhoging van onbare skuld het toegeneem as gevolg van verbeterde insamelingsdoeltreffendhede en -inisiatiewe.

Belegging in ons bedrywighede

Ons bedryfsuitgawes het in die huidige jaar toegeneem met 17% van R5.4 miljard na R6.4 miljard. Ons koste-tot-inkomsteverhouding is 36%.

Die fokus op selfhelpbankdienste om effektiwiteit en kapasiteit in bestaande takke te verbeter, het tot gevolg gehad dat 30 nuwe takke geopen is in strategiese areas gedurende die jaar. Ons het nou 727 noothersirkuleerders en 467 binne-tak selfhelpterminale wat help om ons diens en kliëntondervinding te verbeter – toenames van 38% en 213% onderskeidelik. Sleutelpersoneel is in besighedsontwikkeling en digitale oplossings aangestel om verdere groei-inisiatiewe te ondersteun.

Verseker

Ons glo dat die aanbieding van versekeringsoplossings, wat persoonlik is en mededingend geprys is, waarde bied aan ons kliënte. Ons glo ook dat dit die versekeringsmark sal ontwig, soortgelyk aan wat ons met die bankwese doen.

Spaar. Transaksie. **Verseker**. Krediet.

Die unieke begrafnisradisies in Suid-Afrika het tot gevolg dat kliënte wat 'n inkomste verdien verantwoordelik is om die beduidende kostes van 'n begrafnis te dek vir direkte familieledere of vir afhanklikes in hulle breër gemeenskap.

Ons beplan om die Capitec Begrafnisplan, onderskryf deur Sanlam, in Mei 2018 bekend te stel as deel van Verseker, die nuwe toevoeging tot ons Global One oplossing. Hierdie is 'n geleentheid om ons besigheid verder te diversifiseer en ons produkaanbiedings aan kliënte uit te brei om hulle finansiële lewens te verbeter.

Ons begrafnispolisprodukt verseker dat kliënte slegs bydra wat hulle kan bekostig. 'n Enkele kontrak kan voordelig wees vir tot 21 afhanklikes. Die vrywillige rustydperk sal polishouers in staat stel om hulle polisse te staak vir 'n maksimum van 6 maande indien hulle onder finansiële druk is. Die premiekwytsteldingsvoordeel vir pasgeborenes vier toevoegings in kliënte se gesinne teen geen koste vir tot 6 maande, en kliënte kan steeds die dekking, en gemoedsrus, geniet. Indien 'n onnatuurlike dood of ongeluk gebeur, sal die versekerde lewe onmiddellik gedek wees teen dubbel die dekkingsbedrag.

Ons glo dat hierdie oplossing ons kliënte sal voorsien van finansiële middele om uitgawes te dek in 'n tyd waar hulle iemand nodig het wat hulle kan vertrou en op wie hulle kan staatmaak.

Sterk kapitaal, lae likiditeitsrisiko, ekstra fondse

Capitec behou 'n kapitaaltoereikendheidsverhouding van 36%. Die bank voldoen steeds aan alle voorsorgvereistes.

Ons voldoen aan die Basel 3 likiditeitdekkingsverhoudings (LDV) en netto stabiele befondsingsverhouding (NSBV). Ons LDV is 1 878% en NSBV is 206% as gevolg van ons konserwatiewe likiditeitstrategie wat van die begin van die bank af geïmplementeer is.

Ons bestuur ons kliënte se fondse op 'n toegewyde en konserwatiewe wyse. Kliëntdeposito's word belê in eenvoudige, "maklik om te verstaan", renteraende beleggings soos Suid-Afrikaanse Nasionale Tesourie-effekte. Hierdie beleggings is gemiddeld vir tydperk korter as 3 maande, met geen enkelbelegging langer as 1 jaar nie. Ons gebruik ons ekwiteit, groothandelbepansing wat ontvang word van instansies en die grootste gedeelte van vastetermynkliëntdeposito's as lenings aan individuele kliënte. Ons het 'n konserwatiewe benadering tot krediet, bepaal pryse toepaslik in ooreenstemming met die Nasionale Kredietwet, Wet 34 van 2005, vir die risiko en maak voldoende voorsorg vir twyfelagtige skuld. Ons benadering tot kapitaal is konsekwent met ons benadering tot likiditeit en krediet en ons kapitaalvlakke is heelwat meer as wat vereis word. Hierdie beleid sal konsekwent by soos aangewend vanaf die begin. Deur doelbewus wesenlike kapitaalvlakke te handhaaf, beskerm ons kliëntdeposito's, sou 'n beduidende, onvoorsiene gebeurtenis, soos die wêreldwye finansiële krisis, plaasvind.

Kredietgraderings

Suid-Afrika se kredietgradering is op 24 November 2017 afgradeer. In sy graderingsverslag het S&P Global aangedui dat finansiële instansies in Suid-Afrika nie hoër gradeer word as Suid-Afrika se kredietgraderings in buitelandse valuta nie. Gevolglik het S&P Global sy gradering op 6 finansiële instansies in Suid-Afrika verlaag, waaronder Capitec Bank.

Capitec Bank se langtermyn buitelandse gradering is verlaag van "BB+" na "BB". Die korttermyn buitelandse gradering bly op "B". Hierdie graderings behou 'n stabiele vooruitsig. Die langtermyn nasionale gradering is verlaag na "zaAA-", en die korttermyn nasionale gradering is bevestig op "zaA-1+". Capitec Bank het dieselfde langtermyn buitelandse gradering as Suid-Afrika.

Dankie

Ons sal aanhou om mense te help om hulle finansiële lewens beter te bestuur. Ons wil ons kliënte bedank vir hulle volgehoue ondersteuning en vir die vertroue wat hulle in ons stel.

Ons oplossings vir ons kliënte sal nie moontlik wees sonder die groot dryfkrag van die hele Capitec-familie nie. As kollegas, met individuele sterkpunte en vaardighede, vorm ons 'n sterk span as gevolg van gedeelde doelwitte en toewyding. Ons bedank elke spanlid vir hulle bydrae tot wat ons bereik het en ons is opgewonde om die doelwitte na te streef wat ons vir onself gestel het.

Verwagtinge

Volgehoue fokus op ons grondbeginsels sal ons op koers hou ten einde die beste kleinhandel bank in die wêreld te word.

Dividend

Die direkteure het op 26 Maart 2018 'n finale bruto dividend van 945 sent per gewone aandeel verklaar, wat die totale dividende vir die 2018 finansiële jaar op 1 470 sent per aandeel te staan bring. Daar is 115 626 991 gewone aandele uitgereik.

Die finale dividend voldoen aan die definisie van 'n dividend in terme van die Inkomste-belastingwet, Wet 58 van 1962. Die dividendbedrag netto van Suid-Afrikaanse dividendbelasting van 20% is 756 sent per aandeel. Die uitkering word uit inkomstereserwes betaal. Capitec se belastingverwysingsnommer is 9405376840.

Laaste dag vir verhandeling met dividend
Verhandeling sonder dividend begin
Rekorddatum
Betaaldatum

Aandeelcertifikate mag nie van Woensdag 18 April 2018 tot Vrydag 20 April 2018, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

Die hoof finansiële beampste se verslag is beskikbaar by www.capitecbank.co.za.

Namens die direksie

Riaan Stassen
Voorsitter

Stellenbosch
27 Maart 2018

Hierdie verkorte aankondiging is die verantwoordelikheid van die direkteur. Dit is slegs 'n uittreksel en opsomming van die volledige geouditeerde inligting wat op SENS verskyn, asook die Capitec Bank webwerf, maar hierdie aankondiging is nie goedgekeur nie en bevat nie die volledige besonderhede nie. Beleggingsbesluite moet gebaseer word op 'n oorsig van die volledige SENS-aankondiging. Die volledige aankondiging is ook ter insaie by die maatskappy se geregistreerde kantoor teen geen koste beskikbaar gedurende normale kantoorure. Afskrifte van die volledige aankondiging kan per e-pos van die maatskappy versoek word by enquiries@capitecbank.co.za.

Oordragsekretaris Computershare Investor Services Eiendoms Bepker
(Registrasienommer: 2004/003647/07), Rosebank Towers, Biermannlaan 15, Rosebank, Johannesburg 2196; Posbus 61051, Marshalltown 2107
Borg PSG Capital Eiendoms Bepker (Registrasienommer: 2006/015817/07)
Direkteur R Stassen (Voorsitter), GM Fourie (HUB), LA Dlamini, AP du Plessis (HFB), MS du P le Roux, K Makwane, NS Mashiyah, JD McKenzie, NS Mjoli-Mcncube, PJ Mouton, CA Otto, JP Verster * Uitvoierend

Sleutelaanwysers van prestasie	2018	2017	Verandering % 2018/2017	2016
Winsgewendheid				
Rente-inkomste	R'm 15 474	14 934	4	13 413
Netto leningsfooi-inkomste ⁽¹⁾	R'm 1 380	495	179	(83)
Totale lenings-, beleggings- en versekeringsinkomste	R'm 16 854	15 429	9	13 330
Rente betaal	R'm (4 184)	(3 552)	18	(2 884)
Netto lenings-, beleggings- en versekeringsinkomste	R'm 12 670	11 877	7	10 446
Netto transaksiefooi-inkomste	R'm 5 127	3 923	31	3 020
Ander	R'm (1)	–	–	(1)
Inkomste uit bedrywighede	R'm 17 796	15 800	13	13 465
Netto voorsieningskoste vir twyfelagtige skuldheffing	R'm (5 280)	(5 121)	3	(4 401)
Netto inkomste	R'm 12 516	10 679	17	9 064
Inkomste van geassosieerdes	R'm 3	–	–	–
Bedryfsuitgawes	R'm (6 364)	(5 439)	17	(4 591)
Inkomste voor belasting	R'm 6 155	5 240	17	4 473
Belasting	R'm (1 685)	(1 434)	18	(1 244)
Voorkeurdividend	R'm (12)	(16)	(25)	(16)
Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers				
Basiese	R'm 4 458	3 790	18	3 213
Wesens-	R'm 4 461	3 793	18	3 222
Netto transaksiefooi-inkomste tot netto inkomste	% 41	37	–	33
Netto transaksiefooi-inkomste tot bedryfsuitgawes	% 81	72	66	66
Koste-tot-inkomste-verhouding	% 36	34	–	34
Opbrengs op gewone aandeelhouersekweiteit	% 27	27	–	27
Verdienste per aandeel				
Toeskryfbare	sent 3 855	3 278	18	2 779
Wesens-	sent 3 858	3 281	18	2 787
Verwaterde toeskryfbare	sent 3 843	3 267	18	2 773
Verwaterde wesens-	sent 3 846	3 270	18	2 781
Dividende per aandeel				
Tussentydse	sent 525	450	17	375
Eind-	sent 945	800	18	680
Totale	sent 1 470	1 250	18	1 055
Dividenddekking	x 2.6	2.6	–	2.6
Bates				
Netto lenings en voorskotte	R'm 41 814	39 205	7	35 760
Kontant, kontantekwivalente en ander likiede bates	R'm 39 400	30 605	29	24 989
Ander	R'm 3 743	3 548	5	2 196
Totale bates	R'm 84 957	73 358	16	62 945
Laste				
Kleinhandeldeposito's en groothandelbepansing	R'm 64 030	55 582	15	47 940
Ander	R'm 2 035	1 658	23	1 346
Totale laste	R'm 66 065	57 240	15	49 286
Ekwiteit				
Aandeelhouersfondse	R'm 18 892	16 118	17	13 659
Kapitaaltoereikendheidsverhouding	% 36	34	–	35
Netto batewaarde per gewone aandeel	sent 16 241	13 809	18	11 663
Aandeelprys	sent 83 246	72 500	15	47 400
Markkapitalisasie	R'm 96 255	83 830	15	54 807
Aantal uitgereikte aandele	'000 115 627	115 627	–	115 627
Aandeelopsies				
Aantal uitstaande	'000 777	963	(19)	868
Aantal uitstaande tot uitgereikte aandele	% 0.7	0.8	–	0.8
Gemiddelde uitoefenprys	sent 38 561	31 755	21	28 520
Gemiddelde termyn tot vervaldag	maande 19	20	–	27
Bedrywighede				
Takke	826	796	4	720
Werknemers	13 333	13 069	2	11 440
Aktiewe kliënte	'000 9 868	8 569	15	7 269
OTM'e en noothersirkuleerders				
Eie	1 895	1 653	15	1 236
Vennootskap	2 750	2 371	16	2 469
Totale	4 645	4 024	15	3 705
Kapitaalbesteding	R'm 829	1 000	(17)	704
Kredietverkope				
Waarde van totale lenings uitgereik	R'm 28 292	27 226	4	24 228
Aantal totale lenings uitgereik ⁽²⁾	'000 3 947	3 508	13	3 684
Gemiddeld van totale lenings uitgereik	R 7 168	7 761	(8)	6 577
Gemiddeld van lenings uitgereik kleiner of gelyk aan 6 maande ⁽²⁾	R 2 078	1 905	9	1 749
Gemiddeld van lenings uitgereik groter as 6 maande	R 32 133	26 605	21	25 229
Kredietboek				
Bruto lenings en voorskotte	R'm 47 642	45 135	6	40 891
Gemiddelde grootte van lenings teen jaareinde kleiner as of gelyk aan 6 maande	R 2 621	2 736	(4)	2 636
Gemiddelde grootte van lenings teen jaareinde groter as 6 maande	R 36 302	31 123	17	30 901
Agterstallige lenings (nie op datum met ooreengekomde betalings nie)	R'm 2 700	2 855	(5)	2 297
Agterstallige lenings tot bruto lenings en voorskotte	% 5.7	6.3	–	5.6
Op-datum herskeduleerde lenings vanaf agterstallig (nie gerehabiliteer nie ⁽³⁾)	R'm 1 277	1 583	(19)	1 542
Agterstallige en op-datum herskeduleerde lenings vanaf agterstallig (nie gerehabiliteer nie ⁽³⁾) tot bruto lenings en voorskotte	% 8.3	9.8	–	9.4
Op-datum herskeduleerde lenings vanaf op-datum (nie gerehabiliteer nie ⁽³⁾)	R'm 1 085	1 088	(0)	1 818
Agterstallige en alle herskeduleerde lenings (nie gerehabiliteer nie ⁽³⁾) tot bruto lenings en voorskotte	% 10.6	12.2	–	13.8
Voorsiening vir twyfelagtige skuld	R'm 5 828	5 930	(2)	5 131
Voorsiening vir twyfelagtige skuld tot bruto lenings en voorskotte	% 12.2	13.1	–	12.5
Dekkingsverhouding op voorsiening vir twyfelagtige skuld tot agterstallige lenings	% 216	208	–	223
Dekkingsverhouding op voorsiening vir twyfelagtige skuld tot agterstallige lenings en herskeduleerde lenings vanaf agterstallig (nie gerehabiliteer nie ⁽³⁾)	% 147	134	–	134
Dekkingsverhouding op voorsiening vir twyfelagtige skuld tot agterstallige en alle herskeduleerde lenings (nie gerehabiliteer nie ⁽³⁾)	% 115	107	–	91
Terugbetalings ⁽⁴⁾	R'm 35 974	33 236	8	29 388
Bruto voorsiening vir twyfelagtige skuldheffing	R'm 6 560	6 246	5	5 255
Verhoging van onbare skulde	R'm 1 280	1 125	14	854
Netto voorsiening vir twyfelagtige skuldheffing	R'm 5 280	5 121	3	4 401
Netto voorsiening vir twyfelagtige skuldheffing tot gemiddelde bruto lenings en voorskotte	% 11.4	11.9	–	11.4
Totale lenings- en versekeringsinkomste (beleggingsinkomste uitgesluit ⁽⁵⁾)	R'm 15 008	14 362	4	12 837
Totale lenings- en versekeringsinkomste (beleggingsinkomste uitgesluit ⁽⁵⁾) tot gemiddelde bruto lenings en voorskotte	% 32.4	33.4	–	33.2
Netto voorsiening vir twyfelagtige skuldheffing tot totale lenings- en versekeringsinkomste (beleggingsinkomste uitgesluit ⁽⁵⁾)	% 35.2	35.7	–	34.3
Leningsinkomste ⁽⁶⁾	R'm 14 596	13 720	6	12 145
Leningsinkomste ⁽⁶⁾ tot gemiddelde bruto lenings en voorskotte	% 31.5	31.9	–	31.5
Kleinhandeldeposito's en groothandelbepansing				
Groothandelbepansing	R'm 6 206	7 543	(18)	10 154
Lopende kleinhandelspaarrekening	R'm 34 909	30 117	16	24 152
Vastetermyn-kleinhandelspaarrekening	R'm 22 915	17 922	28	13 634

⁽¹⁾ Leningsfooi-inkomste, leningsfooi-uitgawe en netto versekeringsinkomste
⁽²⁾ Sluit kredietkaart in. Vir die aantal lenings en voorskotte, word 'n maand getel waarin die kredietkaart gebruik word
⁽³⁾ Nie gerehabiliteer nie – Kliënte word as gerehabiliteer beskou, sodra 6 maande se agtereenvolgende betalings soos ooreengekom, gemaak is. Wanneer hulle gerehabiliteer is, word die lening geklassifiseer as op-datum
⁽⁴⁾ Sluit slegte skuld wat verhaal is in, sowel as vroeë skikkings waar die laaste terugbetaling op 'n daaropvolgende lening wat a